**Herstelwerk aan dak en toring.**

**Die kerkraad het op aanbeveling van die Eiendomskommissie besluit om die kerktoring saam met die dak se fasieborde wat afgewaai het, te herstel.**

**Hetta Steyn ry verby ons kerkgebou en neem sommer so in die ry die pragtige fotos.**





**Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord het op 15 Oktober 1961 van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Wes afgestig.**

**Ons kerkgebou, op die hoek van Dealeweg en Kiplingstraat is op 25 September 1965 in gebruik geneem en die doelmatige kerksaal op 28 Februarie 1988 met die onthulling van die gedenkplaat deur dr Hubrecht van Dalsen.**

    

Die eerste predikant was ds JLJ Snyman wat later deur ds JJ de Wet Kruger opgevolg is. Dr HA van Dalsen was vir 27 jaar die volgende predikant, waarna hy in 1998 geëmeriteer het en sedert Oktober 2015 in Hermanus woonagtig is. Ds TJ Potgieter is in Mei 1998 as die vierde predikant van Bloemfontein-Noord bevestig. Teen die einde van Mei 2008 het hy 'n beroep na Port Elizabeth aanvaar en na byna sewe maande se vakantskap is ds WJ Botha van die Gereformeerde Kerk Frankfort op 7 Desember 2008 as vyfde predikant van ons Gemeente sedert die stigting 57 jaar gelede, bevestig.

In die Volksblad van 27 September 1965 het 'n goeie berig daaroor verskyn:



*DIE NUWE KERK van die Gereformeerde gemeente Bloemfontein-Noord word oopgesluit. Die plegtigheid het Saterdagmiddag plaasgevind. Van links verskyn mev. (ds.) J.L.J. Snyman wat die kerkdeur oopgesluit het, ds. J.L.J. Snyman, predikant van die gemeente, en prof. S. du Toit, hoogleraar aan die Universiteit van Potchefstroom en seun van wyle dr. S.J. du Toit (Totius).*






Die seremoniële sleutel waarmee mev Snyman die kerk oopgesluit het, is gedurende 2012 deur haar aan die kerk gestuur en is aangebring in die voorportaal van die kerk. Die gemeente is dankbaar dat hierdie stukkie geskiedenis beware gebly het.






Die orrel is die aand van 25 September 1965 in gebruik geneem. Die orrel is deur die susters van die gemeente geskenk en deur sr Hettie Venter amptelik aan die kerkraad oorhandig tydens ‘n uitvoering die betrokke aand. Louri Coetzee is van 2011 af Orrelis.








Die kerksaal is op 28 Februarie 1988 in gebruik geneem met die hoeksteenlegging deur dr Hubrecht van Dalsen. Br Wikus Vorster is op 1 Augustus 1972 aangestel as Koster en het hierdie taak vir meer as 40 jaar met liefde en oorgawe verrig. Om hierdie besondere en geliefde broeder se nagedagtenis te eer, was daar op 20 November 2022 'n Gedenkplaat onthul met die inskripsie daarop wat aandui dat die kerksaal voortaan bekend sal staan as die "WIKUS VORSTER SAAL".







Daar is ook twee Kanselbybels, een 1933-vertaling en een 1983-vertaling: Die eerste een is geskenk deur br Frans en sr Ellen Coetzee en is met die inhuldiging van die kerkgebou deur hulle op die kansel geplaas. Br Frans was blind. Die tweede is deur br Wikus Vorster geskenk toe hy 20 jaar lank koster van die gemeente was.



Ons Predikantspaar: Ds Kobus en Ester Botha. Ons is werklik besonder geseën om 'n predikant van sy statuur en innemende persoonlikheid te hê wat met groot ywer en toewyding in die gemeente arbei. Bo en behalwe vir sy skrifgetroue preke waarna ons Sondag na Sondag kan luister, doen hy ook gereeld huisbesoeke en hospitaalbesoeke en behartig katkisasie en Bybelstudie.

Wat Ester betref, het ons groot waardering nie net vir haar leiding as voorsitter van die Sustersvereniging nie, maar ook op talle ander terreine in die gemeente. Dit ten spyte daarvan dat sy 'n voltydse beroep beklee!



**Na ‘n stilte van meer as drie jaar, weerklink die skone klanke van die gebeier van die kerkklok weer in Desember 2022 deur die lug!  Ten spyte van verskeie pogings kon ons nie daarin slaag om die klokmotor weer aan die gang te kry nie, totdat br Mauri en sy seun, Tian van der Bijl, aangebied het om die motor onder hande te neem.**

**Koste, beskikbaarheid en die spesialisvaardighede met die installering van leiklipdakteëls het tot die besluit bygedra om in September 2023 al die leiklipdakteëls te vervang.**